

# O E S T Y D

## 3de kwartaal 2013

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

**ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA**

### Nuusbrief: Junie 2013

Het jy al die boekie 'Who moved my cheese' geles? Regtig 'n goeie motiverings boek vir aanpassing en aanvaarding van veranderinge. Vandat ek terug is vanaf Suid Afrika het dit gevoel asof my 'kaas' die hele tyd geskuif word. Omstandighede het die afgelope ruk voortdurend verander en my soms emosioneel en fisies bietjie rond gepluk. Tog het die ervaring weereens bewys dat die geheim om anderkant uit te kom nie by onself lê nie maar by ons ingesteldheid om as Christen op God te kan vertrou dat Hy 'n plan vir ons lewens het. God is in beheer ten midde van hoe groot en amper onontkoombaar situasies lyk en wanneer daar veranderings moet plaasvind. Ek glo nie dat die liefdevolle Vader en God wat ek ken 'n manipuleerder is nie maar ek glo tog dat niks kan gebeur wat nie in Sy toegelatene wil is nie...

### **VERITAS NETWERK KAMBODJA**

Saran is siek - hy het 'n intestinale fungus infeksie en 'n ulkus. Na redelik baie navorsing het ek besef dat die 2de genoemde toestand maklik genees maar nie die eerste nie. Lewensomstandighede, dieet ens. kan dit veroorsaak en dit veroorsaak o.a erge chroniese moegheid, lusteloosheid, dieet probleme.

Die feit dat hy gewik en geweeg het of hy moet ophou werk was vir my baie moeilik; ek het hom deur die jare opgelei om by my oor te neem en ek sien nie regtig kans om weer van vooraf te begin nie...maar tog weet ek dat God my geroep het om Veritas Kambodja te 'establish', tog was ek baie naby aan opgee. Wel ons het baie gesprekke gehad en Saran het besluit om aan te bly en net deelyds te werk - hy is 'n natuurlike leier en dit kom die hele tyd na vore daarom is ek dankbaar en loof God dat Hy ook die positief laat uitwerk het. Na heelwat beplanning is die nie nodig dat ek enigiets terug te neem wat ek klaar oorgegee het nie. Ek is ek nog steeds 'n deelydse VNC ondersteunings personeel lid wat Saran bystaan, die proeflees van die handboek 'How to interpret the Bible' te doen en ook ernstig te begin met die akkreditasie proses.

Ek wil vir julle wat Saran ken, vra om hom te ondersteun in di eproses van gesond word wat selfs om en by 'n jaar kan neem. Ek ken 'n sendeling wat agv soortgelyke infeksie terug is na haar land en baie jare gevat het om te genees. [saran@veritascollege.org](mailto:saran@veritascollege.org)

## **BAMBOO SHOOT**

### ***Evangelisasie, kinderbediening en huisbou!!!!!!***

Ons almal is baie opgewonde die volgende 10dae is baie besig en gevul met baie spesiale bedienings saam met Hennie hulle - ek sal met volgende brief terugvoer gee vir nou eers net die program sodat julle asb daarvolgens kan bid:

Die belplanning is dat ons as uitlanders die keer op die agtergrond is en die Khmer alles doen..

### **30 Junie** Angdong TaÉen

**AM** Kinder evangelisasie (100kinders) - hulle het iets te eet en lekkers kry

**PM** Oumas & Volwassenes evangelisasie - hulle het vrugte en 'n sagte vleis gevulde bun kry. Beplanning vir herstel en bou van oumas se huise saam met village leier het goed gegaan

**1 Julie** Angdong TaÉen Huis bou projek Gaan goed aan

**2 Julie** PM Kampong Chnnang het oor geslaap oor

**3 Julie** AM Veritas opleidings groep PM - was amazing

**4 Julie** Angdong TaÉen Oggend - huisbou 14:h00 sel groep - rys vir grannies

**5 Julie** Prek Pcoam Sok    Kinder evangelisasie uit reik en wys van Jesus fliëk

**6 Julie** Prek Pcoam: Ouer mense evangelisasie - veral gefokus op oumas en oupas - in Kambodja die tradisie om voete etc te was om respek te toon - ons gaan dit doen. Welbekende pst Barnabas sal diens waarneem - verwag ongeveer 400 mense

Gebed:

- Nuwe Kantoor: Goeie plek – probleme met 'African' huurders in gebou re parkering ens. Hulle respekteer huiseienaar glad nie.
- Saran: Sy omgee vir VNC en gesondheid
- Vir my om geduldig te wees en nie te veel te verwag van Saran nie – om minder 'task orientated' te wees.
- Nuwe Veritas groepe: op Thai gren Kg Thom
- Vanna: Sy vrou is weer swanger, het al twee miskrame gehad
- Al die personeel se veiligheid en gesondheid

### Nuusbrief: Julie 2013

Al was al die uitreike verlede week 'n seën was dit tog heerlik om gister weer by Daughters te kon dien. Soms is dit erg alleen en het ek die geselskap, ondersteuning en gebede van mede-sendelinge nodig en dit is een van die seëninge wat ek by Daughters ontvang.

Gedurende die naweek was dit heerlik om weer in die provinsie te kon wees daar in die begin jare saam met AOC. Daar was selfs pasiënte wat my onthou het en kom vra het vir 'n foto saam met hulle wat ek saam met Sok moet deurstuur. Julle kan seker onthou dat ek gedeel het dat die eerste keer toe ek 'n stopstraat teken gesien en ambulans sirene gehoor het ek gehuil het omdat elke bietjie opbou van die land vir my vreugde bring - dit voel soos eeue gelede wat alles in ruïnes was. Die vorige kere wat ek die area padlangs en nie met 'n bootjie besoek het nie was daar heimwee in my hart omdat alles verander het die keer was daar vreugde - 2 'nuwe' sement brûe oor die rivier, nie meer perdekarre oor wankelrige hout-brûe nie. Die kliniek wat AOC gebou het en wat nie tydens die reënseisoen kon gebruik word nie is vervang deur 'n groter kliniek (deur MOH gebou) wat op stelte staan en nie oorspoel kan word nie. Intussen kom die verkiesing nader en het hooggeplaastes van die 2 grootste partye glo handgemeen geraak - ek persoonlik weet nie veel van

alles nie en hoor maar net wat die Khmer sê. Dit kom voor asof die huidige regerende politieke party nie so baie stemme gaan wen as voorheen nie en van die Khmer sê dat daar 'n 'klein oorloggie' kan kom. Persoonlik beplan ek om tydens die verkiesing in Bangkok te wees om my paspoort te hernu en vir mediese ondersoeke - ek sukkel bietjie met my oor en my maag. Ek was hier in 1997 tydens die militêre oorname en net die gedagte aan 'n moontlike 'klein oorloggie' het my oorreed dat dit die beste tyd vir my is om Bangkok toe te gaan en die dinge te gaan doen. Mens hoor nogal teenstrydige stories oor die verkiesing - ek bid en glo dat dinge kalm sal verloop. Bid asb vir ons land en haar mense

### **VERITAS NETWERK KAMBODJA**

Ons is in 'n nuwe kantoor - die manne het dit gekies en hulle het alles getrek sonder my hulp... uhm... hulle is altyd bekommerd oor ouderdom so ek het die keer my stoute skoene aangetrek en gesê ek is te oud om te help. Hulle het my gebel toe alles in nuwe kantoor was omdat hulle sê ek is beter om meubels ens te organiseer as hulle. Dit is meer sentraal en is definitief baie stiller as die vorige kantoor. Die manne het al die lessenaars afgeskuur en oor-verniss die kantoor lyk sommer 'spiekeries'! Ek moet nog net tweedehandse gordyne gaan koop of nuwes maak. Saran werk nou 'amptelik' 3dae 'n week in die kantoor/fasilitering - Maandae tot Woensdae. Dit versprei sy werkstyd in so 'n mate dat hy kan rus en beter word. Die komende verkiesing het egter ook 'n effek op ons almal in VNC - asook deelnemers. Daar is versoek, deur deelnemers, dat ons nie die week na 28 Julie opleiding sal doen nie - orals is daar groot onsekerheid oor wat gaan gebeur

Ek geniet dit ongelooflik om opleiding te doen en te teach - dit bring vreugde in my hart en 'energie' in my menswees. Daar is baie vrae oor sekere aspekte in die Bybel en een is oor wie Melgisedek was- dmv terug te verwys na Module 1 se grafieke en lering en ander dele van die modules, na eksegese, lees in konteks van die skrywer en hele Bybel, skrywer se doelwit, die plek van Hebrews 7:1-7 in dié bybelboek kon ek hulle lei tot die besef dat dit gegaan het oor die superioriteit van Christus in die konteks van die Judaïstiese geloofs konteks en vir ons. Dat daar navorsing was/is oor sy afkoms maar dat Melgisedek se naam deur die Heilige Gees 'ingeskryf' is in die Ou Testament as 'n beperkte voorstelling/beeld van Christus en dat die hele Bybel 'n eenheid vorm - God se plan vir elkeen van ons se verlossing as Sy volk; die wat hom aangeneem het as Heer ... dat selfs Melgisedek se 'storie' ook wys dat God se liefde nie net tot tot Israel beperk is nie. Ons almal het sommer net

agterna saam stil geword oor die wonder van God se grootheid en dat die hele Bybel se sentrale tema sonder twyfel oor verlossing en vergiffenis is vir die mensdom deur Jesus Christus ons Heer.

## **BAMBOO SHOOT**

### **Kambodja**

Die verkiesing - dat daar vrede en regverdigheid sal wees. Die opposisie leier kom die 19de in Kh aan die jong mense is besig om dmv internet etc mense op te roep om hom by lughawe in te wag - dit klink of daar al ongeveer 60 000 mense beplan om te gaan. VCI personeel se dat dinge moeilik gaan wees rondom die datum - verkeer en onsekerheid. Huidige leier Hun Sen se pa is verlede week oorlede, dit word as 'n 'bad omen' gesien en die Khmer verwag meer en meer dat daar 'n 'klein oorloggie' op pad is.

### **Persoonlik**

Dit gee my groot vreugde om weereens by 'Daughters' betrokke te wees - nie net is ek deel en help in 'n bediening nie maar ook is dit vir my 'n seën op persoonlike vlak. Ek is deel van 'n span en voel nie so geïsoleerd as enigste uitlander in VNC en ook met die manne meeste van die tyd weg nie. Ek werk by die 'social' werkers se afdeling. Daar is nou selfs mense wat weet wanneer ek siek is en vir my bid sonder dat ek iemand hoef te kontak. Ek kan baie van my gawes in een sentrale plek gebruik - medies, counsel, teaching ...

My vriendin Mary van ongeveer 15jr, saam met wie ek in AOC gewerk het, het kanker - dit is moeilik vir ons almal. Ek het gister vir ongeveer 4 ure by haar gesit sodat haar dogter Socheat ander dinge kon gaan doen - ek hoop om dit meer dikwels te doen. Sok en Vanna het gaan bloed skenk en ek beoog om more te gaan skenk - Bid asb vir haar wat soveel vrae en pyn het en God se wysheid en vrede oor die familie terwyl hulle besluit of 'n operasie sinvol is of nie.

My kinders in Australia het na NZ verhuis

## **VERITAS NETWORK KAMBODJA**

Ons het tans agt groepe en 109 deelnemers. Volgende maand begin ons in twee nuwe areas; een op Thailand se grens (50 deelnemers – twee fasiliteerders) en in Sihanoukville wat ons see-stad is; miskien sal ek die area dikwels moet besoek ☺ - tong in die kies (25 deelnemers).

Nuwe peroneellid vir drie maande proeftyd; Pastor Somarth was deel van die proef-loop-groepie toe ons jare gelede 'n steekproef gedoen het om te sien of Veritas se materiaal in Kambodja sal werk of nie. Bid asb vir hom dat hy in ons span sal aanpas, dat hy vinnig die material sal kan baasraak en ook om soos 'n fasiliteerder te kan dink.

Ons was bevoorreg dat van Rtxray se bestuur Peter en Dot saam met ons 'n Veritas-groep bygewoon het- Rtxray is 'n donateur. Persoonlik was dit vir my ook 'n seën omdat ek *village* toe kon gaan ☺ en van die deelnemers kon ontmoet!! Die pastoor daar is regtig aangenaam en die algemene gevoel is dat Veritas broodnodig is en dat dit hulle bemagtig om die Bybel te verstaan, reg te interpreteer en vals lering te kan teenstaan.

## **BAMBOO SHOOT**

Die afgelope maande was nogal besig en 'n groot seën vir ons bedienings in Sok en Nary se *villages*. Donateurs van die bediening het ons besoek en het ons en ons mense geseën; dankie aan Rtxray se bestuur en hulle vroue. Ons is besig met die restrukturering van dié bediening om dit meer effektief te maak – o.a 'n Khmer Pastoor saam met ons in Angdong TaÉen. Tydens my 2013 SA besoek aan Hennie se gemeente het hy, terwyl ons uit die kerk uitgestap het, gesê dat sodra ek ander borge kry vir die voedingskemas dié fondse na Veritas geswaai kan word. Terwyl ons nou besig is met herstruktuering is dit die ideale tyd om ook in dié bediening veranderinge aan te bring. Meer daaroor in volgende nuusbrief.

**Prek Pcoam** – Sok se droom om 'n evangelisasieveldtog te begin het afgeskop met 500 mense wat opgedaag het terwyl 200 uitgenooi was! Net ongeveer 70 van dié

mense was Christene! Daar was 'n nuuskierigheid oor hoe Christene funksioneer, veral omdat daar 'n algemene aanname is dat Christenskap mense aanmoedig om nie hulle ouers te respekteer nie omdat bekeerlinge ontrek van Boeddhistiese feeste en aanbiddingsaksies wat ouers en voorouers vereer. Ons prys die Here dat die Bybelse lering wat gefokus het op respek vir ouers en die feit dat Sok en sy hele familie sy skoonma se voete gewas het impak gemaak het. Bid saam vir Sok se vriendskaps evangelisasie opvolg en dat God deure sal oopmaak; selfs dat Sok se skoonma se hart na Christus sal draai!!.

Angdong TaÉen - Die mense van Angdong TaÉen was geseën deur fondse vanaf Rtxray (Hennie, Peter, Johan en hulle almal se vrouens) – 'n 'ouma' het 'n nuwe huisie ontvang en ander bejaardes se huise is gerestoureer – US\$1250!! Ons het ook US\$500 vanaf Peter en Hennie ontvang vir die broodnodige mediese behandeling van vier vrouens. Ek dank die Here dat ander donateure ook fondse gegee het – dié US\$246 het die volgende geborg; petrol, die kinderbediening se uitreik in Angdong TaÉen en 'n tweedehandse erg goedkoop, erg ou motorfiets vir Eang wat nog restoreerbaar en 'n seën vir hom en sy familie is.

Daughters - Dit is 'n ongelooflike voorreg om weer twee dae 'n week deel van die span by Daughters te mag wees – berading en klankbord vir 'n groep van Khmer leiers en naaldwerk personeel; werkverwante stress, trauma en persoonlike probleme. Heel moontlik sal ek ook betrokke raak by die disipelskap kursusse en 'preek' in die Vrydae middag kerk-byeenkomste.

Loof en bid asb saam

### ***Veritas***

#### ***Al die aspekte is vir lof en tog ook vir intree***

- Nuwe personeelid/ drie maande proeftydperk
- Almal in VNC – vas staan in God
- VCI het ons begroting in geloof goedgekeur.

### ***Bamboo Shoot***

- Lof oor die impak van die Evangelisasie-uitreik
- Noodsaaklike veranderinge in die bedienings om dit meer effektief te maak en kontinuïteit te verseker.

## CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

*E-pos van 28 Augustus 2013*

Ons kom nou aan d einde v ons somervakansie - d skole begin volgende week - en die kinders sien daarna uit en d ouers nog meer ... Die twee maande word lank met d vier by die huis wat 'n mens elke dag moet besig hou. Lucie, 2 ½, sien baie uit om skool toe gaan. Ons wou haar aanvanklik eers in d middel vd skooljaar in Jan 2014 in d skool sit, maar sy was so gemotiveerd om te gaan dat sy 2 weke geneem het om vd doeke af te kom.

Sebastien, 4½ is baie jaloers op Lucie en maak haar baie keer seer. Hy' s d een wat d minste na d skool uitsien. Verlede jaar het hy elke oggend en middag gehuil om nie skool toe te gaan. As hy eers daar is, geniet hy dit baie, maar d afskeidomblikke is baie moeilik vir hom. Thomas 7½ is d gemotiveerste om skool toe gaan. Hy is baie nuuskierig en stel baie in Astronomie en wetenskap belang. Claire 8 ¾ het d afgelope 2jr baie moeilik in d skool gehad. Agv d skuif na Berre het sy nie meer haar vriendinne wat sy v kleuterskool afgehad het nie. D enigste werklike vriendin wat sy hier gemaak het, het aand d einde vd skooljaar getrek en dit was groot hartseerstories.

Met Sophie gaan dit so-so. Haar ystervlakke is baie laag tsv d behandeling. Verder het sy nogsteeds d probleem v bloeding wat nou seker amper 10 mde lank duur en d drs het d antwoorde nie.

Die gemeente se jaar word 2 keer afgeskop hierdie jaar: 8 sept en 22 sept met 'n konsert. My betrokkenheid by d verskillende sinodale kommissies begin ook 7 sept. Omdat ons kommissies 50% dominees en 50% lidmate bestaan, is d vergadering hoofsaaklik d hele dag Saterdag.

Goeie nuus en wat bidwerk vra, is dat 3 nuwe persone (vroue) met hulle kinders: Corinne wat ons tydens 'n village fees ontmoet het, Jessie wat uit haar eie gedurende d skoolvakansie opgedaag het en wat elke Sondag in d kerk is, en Marjorie wat ons as hulp kon kry vir Sophie.

Verder is ons besig om d vertaling vd Veritaskursus op standaard te kry om d opleiding begin 2014 te begin.



## Freddie Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK

Nuusbrief 12 Julie 2013

Dit is presies drie maande sedert ons vorige nuusbrief. In hierdie tydperk moes ons opnuut ons voete vind in die hantering van die radiobediening. Gelukkig kon ek Google se “Translator” gebruik om direk met die programopstellers te kommunikeer in Portugees deur e-pos wat gestuur word aan Anita Louw. Sy en haar man Joe bly tans in die huis wat deur Allen-hulle bewoon was. Anita laai dit af op ‘n geheue-stokkie vir die programopstellers se gebruik. Hulle stuur die nuusberig weer aan Anthonie wat dit vertaal en deurstuur aan die uwe. So kan dit dus gebeur dat van die pap (nuus) tussen die hand en die mond verlore gaan. Dit wat ons wel ontvang het, wissel tussen negatief en positief.

Die bediening is nog baie lewendig ten spyte van tegniese probleme wat ondervind word met die toerusting. Allen kon met sy vele talente die “probleme” hanteer en so gesorg het dat alles in werkende toestand bly. Ons besef nou watse waarde hy tot die bediening toegevoeg het. Joe het gelukkig ook ‘n sekere mate van tegniese kennis om na die welstand van die sonkrag om te sien. Dan gebruik hy ook van sy IT mense om die rekenaars te herstel wanneer nodig. Tans is van die sonkrag-batterye dood en sal ons einde Julie nog vier batterye moet aankoop wat deur middel van ‘n geleentheid na Gurue moet gaan. Dit sluit ook in batterye vir die veldopnemers wat tans baie in gebruik is.

Nou dat ons direk met die programopstellers kommunikeer moes ons opnuut hul name aanleer te wete Alexandre Uistone Congo, Alves Neves António, Evaristo Afonso Waite en Damião Benete Tchepo. Die sekretaris is Eusebio en die tesourier is Lucas. Dit blyk dat die radio uitsendings steeds gunstige reaksie ontlok met ongeveer 35 briewe per maand wat ontvang word. Die inhoud daarvan wissel van versoeke, vrae, dankbaarheid, lofprijsing tot persoonlike getuienisse.

Die programme fokus steeds op die versterking van gesinsverhoudinge, beantwoording van vrae wat pla, berading en alles wat nodig is om ‘n Christelike lewensstyl na te volg. Persoonlike getuienisse speel ‘n belangrike rol wat insluit onderhoude wat gevoer word met nuwe bekeerlinge tot die Christelike geloof. Dit

blyk ook uit hul skrywe ontvang dat opleiding nie 'n luukse is nie, maar 'n noodsaaklike onderdeel van die bediening. Dit bly egter moeilik om sodanige opleiding te reel met die regte kundige mense wat kennis van radioprogramme en die Bybel het veral in 'n land soos Mosambiek waar menslike hulpbronne skaars is en kommunikasie vanuit Suid-Afrika nie maklik is nie gegewe die afstand, taal en kultuur.

Die verhouding met die gemeenskapsradiostasie is steeds goed en word die programme op hul bestemde tye uitgesaai. Die programopstellers se oortuiging is steeds sterk ten gunste van die voortbestaan van die bediening ten spyte van finansiële beperkings en toenemende onderhoud op die beskikbare toerusting.

Hulle het die volgende versoeke gelys vir spesiale voorbidding:

Alves: Wysheid met die oordra van die Woord, kort geheue, en pyne in die kop en rug;

Damiao: Wysheid en kennis met die oordra van die Woord;

Evaristo: Wysheid en kennis om die Bybel reg te vertaal;

Alexandre: Wysheid, guns en vrede in sy huisgesin en liefde vir sy naaste.

Al vier vra "wysheid" soos Salomo om "wysheid" en "insig" gevra het. Is dit nie ons almal se begeerte om met wysheid en insig op te tree in elke lewensomstandigheid nie? Ook wat betref ons betrokkenheid by hierdie bediening is ware wysheid en insig nodig om die regte besluite te neem sonder om ons eie belange eerste te stel. God seën ons om te gaan deel met ander sodat hulle ook daarin deelagtig kan wees. Is dit nie waaroor dit gaan met hierdie bediening nie? Oorvloedige seën vir u elkeen.

Ons het ook 'n gunstige ouditeursverslag ontvang vir ons boekhouding vir die 2012/13 finansiële jaar. Alhoewel die kredietbalans skerp gedaal het, is ons huidige kredietbalans ongeveer R21,000 met lugtyd reeds betaal tot einde Desember tesame met die uitgawerekening vir Gurue tot Septembermaand. Kontak my gerus indien 'n volledige verslag benodig word.

### Nuusbrief 14 Augustus 2013

Sedert die laaste nuusbrief van 12 Julie was daar nie veel kommunikasie met die Radiobediening in Gurue waaroor ons kan berig nie. Op 26 Julie het ek (Freddie) en Anthonie Welman te Klerksdorp vergader om die verwickelinge rondom die bediening te bespreek na aanleiding van die besluite geneem op 22 Maart soos berig in Nuusbrief van 25 Maart.

Die afgelope paar maande het bevestig dat 'n verantwoordelike persoon (verkieslik 'n sendeling) op langtermyn basis noodsaaklik is om die projek te bestuur om die volle potensiaal daarvan te ontgin. Hierdie aktiwiteit kan deel vorm van sy ander aktiwiteite as sendeling in die omgewing. Die geskikte persoon moet egter sy eie borge kan verskaf. Navrae word tans aan verskeie sendingorganisasies gerig om hierin tot hulp te wees. Advertensies sal in kerklike koerante en media geplaas word om hierdie geleentheid so wyd moontlik bekend te maak.

Die vervoer van toerusting bly 'n uitdaging te wees. Tans moet sonkragbatterye en ander toerusting so gou moontlik in Gurue kom en is ons besig om 'n databasis saam te stel van sendelinge wat tussen Suid-Afrika en Mosambiek reis om hiermee tot hulp te wees.

'n Moontlike besoek aan Gurue word beplan vir Oktobermaand om al die aspekte van die bediening opnuut te ondersoek en te her-evalueer in die lig van die afgelope jaar se aktiwiteite. Die ondersteunende gemeentes word versoek om bogemelde sake in gebed voor die Here te bring sodat al die aktiwiteite wat nodig is nie in menslike krag sal plaasvind nie. Intussen benodig die radiobediening al ons gebedsondersteuning vir die werk wat steeds voortgaan. Dankie vir elkeen se getrouheid in die verband.

Ons onderneem om almal ingelig te hou ten opsigte van enige vordering wat gemaak mag word en sodanige inligting onmiddelik deur te gee selfs al is dit in 'n informele hoedanigheid.

## Allen & Ansie van der Merwe - MOSAMBIEK

### Nuusbrief - Junie 2013

Dankie vir jou belangstelling in ons nuus en dat jy gereeld saam ons bid.

Ek Ansie het begin met `n sondag skool, waar ons deur die Bybel stap met handwerk en prente. Die eerste lesse het gegaan oor die skepping, die kinders het van dag 1 tot 7 maak en dit so geniet, dat die ouers na die diens nog vir ons moes wag. Die klassie bestaan uit 50 verskillende ouderdom kinders.

Die afgelope maand het ons huis in `n kliniek verander, en het Allen en ek `n paar siek mense of hospitaal toe gery of medikasie moes gee en verpleeg. Dit is vir ons `n voorreg om in die gemeenskap betrokke te wees.

Die Radio projek is geregistreer, die programmeerders is gekies, die planne is opgetrek en goed gekeur en ook is die grondskrif opgetrek. Ons bid vir die nodige fondse om die ateljee op te rig, en weet dat die Here sal voorsien sodra die tyd reg is. Ons gaan solank die programmeerders laat oplei by `n studio hier in Xai Xai. Ons het ook reeds `n besigheids plan na Radio Kansel gestuur, en wag nou om te hoor of hulle ons gaan ondersteun in die uitsaai kostes van die programme.

Ons Pastor, onder wie ons werk, het voorgestel dat ons ook die verskeie denominasies wat betrokke is by die radio projek besoek, met die oog op verhoudings bou. Dit is vir ons `n wonderlike uitdaging dat die Here hierdie deur oop gemaak het, daardeur kan ons meer betrokke raak in die gemeenskap met nood, armoede en ander projekte.

Ons eer die Here vir goeie gesondheid en bid dat Hy ook ons seun Hennie wat `n been operasie moes ondergaan vinnig sal herstel. Dokter moes sy been breek reg draai en weer heg met `n yster raamwerk wat `n rukkie in en om die been gaan moet bly. Als as gevolg van `n besering as kind, wat nou probleme gegee het. Ek is in Pretoria waar ek wag op sy herstel en ontslag uit die Unitas hospitaal. En sal hom ook versorg tot hy weer op sy eie kan aangaan. Bid saam met ons vir sy spoedige herstel.

Allen is alleen in Mosambiek, bid ook dat die Here hom sal onderhou.

## Nuusbrief - Julie 2013

Dit gaan goed met die van der Merwes, en vir `n verandering is ons gesond ons kan net die Here dank vir sy Guns!

Ons het weer `n buiteband verloor so rukkies gelede, satan kan nie anders om ons aan te val nie, ons kom dit agter in ons finansies ook. Maar ons sal getrou bly aan wat die Here van ons vra, maak nie saak wat nie!

Ons het in die laaste maand rekenaars van iemand af gekry, wat ek aan Allen kon stuur, die rekenaars sal in ons radio projek gebruik word om die outjies mee op te ly, Allen hulle is reeds besig met opleiding en maak in die tyd gebruik van ASM se studio `n entjie buite Xai Xai. ASM is die verspreiders van elektroniese bybels wat met sonkrag werk en doen dit al `n paar jaar in Mosambiek en op die eilande. Hulle is ons baie goed gesind, hulle help met die opleiding van ons mense, Allen doen die transport vir die programmeerders en sien toe dat die opleiding glad verloop. Ons het nog geen fondse vir die oprig van ons eie ateljee nie. Ons wag in opgewondenheid om te hoor of radio kansel ons projek sal ondersteun in die aankoop van lugtyd maandeliks. Die maandelikse bedryfskoste vir die projek moet ons elders vorder, en daarvoor vertrou ons op die Here. James Olwage gaan in die toekoms vir ons die finansiële / behoefte deel van die projek hanteer en kan gekontak word by [james.olwage@eduardo.co.za](mailto:james.olwage@eduardo.co.za)

Ek Ansie is steeds in SA, ek en Allen het ons 30ste huweliks herdenking apart gevier, maar kon darm met mekaar gesels, dankie tog vir tegnologie! Dit lyk of ek nog hier gaan wees tot middel September. Sodra ek weer terug in Xai Xai is kan ek weer aangaan met die sondag skool klassie waar ons deur middel van handwerk deur die Bybel stap.

Ek werk ook aan `n vakansie program vir die kinders, films ens. Indien u enige gedagtes het hoe om 50+ kinders besig te hou vir `n week elke dag stuur gerus aan. Ek is oop op soek na wol, lee toiletrolletjies en A4 karton, klein skertjies en gom indien u uitgooi en in die Witbank Pretoria omgewing is ek sal dit kom afhaal vir ons Desember vakansie program.

Bid saam met ons vir die volgende:

Dankie aan die Here dat Hy net goed is vir ons!

Vir die projekte, en dat ons dit sal doen wat die Here vra en nie wat ons wil nie, en motivering maak nie saak hoe moeilik dit gaan nie.

Vir Allen en sy gesondheid, uithou vermoë en die alleen wees.

Vir die volle en vinnige herstel vir ons kind se been

## LAUDIUM

### **Prayer requests: 24 June 2013**

- Ruben, Michelle and their children were led to break away from the idols they worshipped in the past. They asked God to forgive them for what they did in the past. Please ask the Lord to continue to lead them in His way.
- Calvin and Alridge are two brothers raised by their mother as Hindus. Please pray that the Holy Spirit will convict them of sin, righteousness and judgement, so that they will seek Jesus as their true Saviour.
- Please pray for Louisa and Suniel, that they will truly seek to grow spiritually and seek the Lord in all things.
- Please also pray for Comody and Lingum, that they will make a real commitment to Jesus, and that their lives will be changed radically.
- Pray for Jaya that she will seek refuge in the Lord and that He will guide her in her difficult situation. Pray also that she would be able shine her light in all circumstances.
- Fazal and Nazir are two Muslim men from India. Please pray that the Lord will remove the veil from the eyes of these two men and that they will come to know and accept Jesus as their Saviour. Pray also for wisdom for Fazal regarding his planned marriage, and that if the marriage takes place, it would be blessed.

### **Prayer requests: 8 July 2013**

- Sam, the hairdresser, ex-Pakistanis. Both he and his wife are committed Christians. He is, however, unable to attend church with his wife on Sundays, as it is one of his busiest days in his hairdressing shop, when he attends to mostly Muslims clients.
  - Please pray that the Lord will show him a way to be able to attend church, even if not every Sunday.
  - Pray for guidance for us to maybe establish a home church in their house at a time that he would be able to attend.
- Since Jaya started the Bible study last week she has had some problems with her neighbours.
  - Please pray that the right venue would be found and that the Bible study would grow and multiply and that the body of Christ would grow in Laudium.
  - Please thank the Lord that her sister's son survived a suicide attempt. Please pray that he would fully recover physically, mentally and spiritually.

- Please pray that Nazir would come back to the Lord and that his wife, a Muslim lady, would become a follower of Christ.
- Please pray that uncle Louis would understand who Jesus is and accept Him as Lord. Pray also that his eye operation would be successful

**Prayer requests: 22 July 2013**

- Please thank the Lord for his grace and pray that He would show us how He wants us to share the knowledge of his grace with the people of Laudium.
- Thank the Lord for the fantastic way in which He undertook for Pam and Suren. Suren gave his life to Jesus, and Pam was freed from the occult bondages of the past, and is serving Jesus wholeheartedly now. Continue to pray for them as they grow in His grace.
- Please pray for an end to H's habit of drinking and then abusing his wife when under the influence. Pray for her for wisdom on how to handle the situation and for provision of the right people to assist her in solving her problem.
- Please pray for blessing on Shamala and her family. Pray for their financial position and that her sons Preshan and Rajesh would find jobs. Pray that any involvement with drugs would stop. Pray for her daughter for wisdom regarding her relationship with a muslim boyfriend.
- Please pray that more people seeking for the truth would attend the Discovery Bible Study group and that many would become followers of Jesus and disciplemakers. Pray that many groups would be established in Laudium.

**Prayer requests: 5 August 2013**

- Please keep on praying for them as they are being visited and are learning more about the Christian walk.
- Praise the Lord that H was kind to his wife in the last week and that he did not drink. Please keep on praying for these issues and also that their financial situation may improve.
- J and H's neighbour: Please pray for this lady (I do not know her name) - it seems that she is severely depressed over the death of her son a while ago. She does not seem to

want to go for help and is in much pain and seems to avoid interaction with people. Pray that she would get to know the Great Healer and that she may find peace in Him.

- Uncle Louis has been for an eye operation this week. Please pray for complete healing so that he would be able to see again. Thank the Lord for Jaya that is helping him during this time. Please pray that he will become a disciple of Christ.
- Please pray that the Lord will show us the right person with a heart for reaching out to their unbelieving neighbours to become involved with the Discovery Bible Study group. Please pray that more people seeking for the Truth would attend and that many would become followers of Jesus and disciplemakers. Pray that many groups would be established in Laudium.
- Please pray for solutions to the following problems in Laudium: Drug and alcohol addiction and joblessness

**Prayer requests: 12 August 2013**

- Suren is from a Hindu background, and Pam, who was born in a Hindu home, was seeking to grow closer to Jesus. They have been visited many times by members of LOG and during this time, Pam had the opportunity to break away from the Hindu idols she worshipped in the past. She asked Jesus to forgive her for doing that, and she experienced the bondages of the past being broken in the Name of Jesus. Suren, on the other hand, also committed his life to Jesus, and these two people are now growing together in the knowledge of their Saviour. The two of them recently got married and during the last visit there, they were challenged to become disciple-makers for Jesus. They were asked to identify one specific person whom they can disciple - while they would be assisted while doing so. They have now made an appointment with us for next Monday to come and assist them in sharing the Gospel with these friends of theirs.

Please thank the Lord for this breakthrough in their lives, and pray that they will become true disciple-makers in days to come.

- VANIDA (neighbour of J and H) Praise the Lord! – According to J Vanida is now much better (Vanida is the lady who was extremely depressed as a result of her son's suicide). J took Vanida to the doctor and she was given anti-depressants. She also helped her to obtain a SASSA (?) card and she is now able to obtain a government



grant. Pray that she would get to know the Great Healer (as she is a Hindu) and that she may find peace in Him.

- Uncle Louis (he is catholic) can now see a little bit (after having been for an eye operation). Please pray for complete healing. Thank the Lord for Jaya that is helping him during this time. Please pray that he will become a true disciple of Christ.
- Alan has been given two weekly slots on Radio 1584 (Islamic Radio Station) broadcasting from the Institute of Islamic Services in Carmine street, Laudium. The bandwidth is AM 1584. It doesn't reach very far but covers the Laudium, Claudius and Erasmia areas. It can be listened to on the website as well as all programmes are live streamed. His Monday evening programme is from 6 to 7pm. The programme is "The Way of Righteousness" which is mainly a pre-recorded series going through the Bible. He gives some live teaching as well. His Sunday morning programme will be from 7.30 to 8am. He will be giving messages from the teachings of Jesus. Please pray that the right people will listen to these programmes and that many Muslim hearts will be touched. Praise the Lord for this wonderful opportunity!
- Please pray that the Lord will show us the right person with a heart for reaching out to their unbelieving neighbours to become involved with the Discovery Bible Study group. Please pray that more people seeking for the Truth would attend and that many would become followers of Jesus and disciplemakers. Pray that many groups would be established in Laudium.

### **Prayer requests: 2 September 2013**

- Please pray for our participation in the Missions Fest - that God would motivate people to come and assist us in the outreach in Laudium.
- Give thanks that it seems that the Lord has done a great work in the lives of Suren and Pam. Please continue to pray for their spiritual growth.
- Thank the Lord that Vanessa and her son Malone are also steadfastly serving the Lord. Let us pray and trust the Lord to provide Vanessa with a job.
- Please pray for Muhammad in Marble street. He owns an appliance shop at his house. He acknowledges that Muslims, including himself, are wicked. However, he hasn't come to understand the Gospel that Jesus came to die for sinners such as himself. Pray that he will understand the Gospel and receive the grace of God in Jesus Christ.

- Please thank the Lord that uncle Louis is better after falling as a result of poor sight. Please pray that his eye sight will continue to improve after the operation that he recently had.
- Praise the Lord that Vinoda, the Hindu lady that had lost her son recently, attended this week. Pray that she would come to know the Lord and that she would become a disciple maker.

### Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.*

**Ongelukkig het ek tot dusver vanjaar maar min geleenthede op Sondag by gemeentes gehad. Bid asseblief vir meer geleenthede vir die res van die jaar.**

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

***Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:***

SSG is baie dankbaar vir die borge wat in staat is om deel te wees van Sending Sonder Grense se Kersgeskenkveldtog.

Elke jaar gedurende Oktober word Borge die kans gebied om deel te neem aan die Kersgeskenkveldtog. Hierdie veldtog was oor die afgelope jare uiters suksesvol, is baie koste-effektief en word opreg deur die kinders en gesinne wat dit ontvang, waardeer.

Net so 'n bietjie terugvoer: gedurende 2011 het 6279 kinders van hierdie Kerspakkies ontvang wat deur hul Borge betaal is. 814 van hierdie pakkies was deur Suid-Afrikaanse Borge geskenk. In 2012 het hierdie getalle toegeneem, en 897 pakkies is deur Suid-Afrikaanse Borge geborg.

Hierdie pakkies word gedurende Desembermaand aan die kinders uitgedeel. Einde verlede jaar het 12 Suid-Afrikaners wat Oekraïne en Moldowië op 'n Uitreik-/Borgetoer besoek het, die voorreg gehad om hul pakkies self aan die kinders wat deur hulle geborg word, te oorhandig. Die borge was verbaas om te sien hoe baie items daar in die pakkies is.

Dit was wonderlik om die opwinding op die kinders se gesigte te sien soos hulle hul Kersfeespakkies oopgemaak en elke item wat hulle uitgehaal het, noukeurig ondersoek het. Selfs dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar, soos sjampoe en tandepasta, het hul oë gevul met vreugde, om nie eers te praat van die boeke, kryte, speletjies, poppe (motors vir die seuns) en lekkers wat ook in die pakkies is nie.

Hierdie pakkies met speelgoed en ander geskenke bring opwinding en blydschap in die kinders se lewens. Hulle leef gewoonlik onder baie moeilike omstandighede, óf sonder een of albei die ouers, óf met ouers wat skaars daarin kan slaag om kos op die tafel te sit, wat nog van speelgoed en ander luukshede. Die pakkies het 'n groot verskil in hierdie kinders se lewens gemaak, veral omdat hulle dit in die Kerstyd ontvang het, wanneer dit baie koud by hulle is en die lewensomstandighede baie ongunstig is.

In al die gevalle waar Kersgeskenkpakkies uitgedeel is, was die kinders baie dankbaar en het hulle hul waardering teenoor die borge uitgespreek. Die pakkies maak werklik 'n groot verskil in hul lewens.

Met bogenoemde in gedagte 'n versoek aan alle Borge: wil u nie asseblief (indien u verlede jaar in staat was om dit te doen) dit oorweeg om vanjaar weer vir u "kind" 'n Kersgeskenk te borg nie?

As u nie verlede jaar in staat was om dit te doen nie, of dalk daarvan vergeet het, maak asseblief 'n aantekening in u dagboek vir die 15<sup>de</sup> Oktober: dit is die laaste datum waarop u die nodige bedrag in Sending Sonder Grense SA se rekening kan deponeer sodat 'n Kerspakkie namens u aan u “kind” besorg kan word.

### Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Koerde

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street  
079 525 5695  
Carl de Beer  
083 443 9256

Mosambiek radiostasie

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

#### Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerkkantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan